HOËRSKOOL HEIDELBERG

X-INGELIG

Uitgawe: 3 www.hsheidelberg.co.za 8 Maart 2024

Kalender

Maandag 11/03 **Dag 9** • Personeel-vergadering	**Dinsdag 12/03** **Dag 1** • Saalbyeen-koms • Wintersport begin	**Woensdag 13/03** **Dag 2** **POTJIEKOS & AANDKRIEKET FINAAL** • CANSA Shavathon	**Donderdag 14/03** **Dag 3** • Toutrek SA's: Kimberley (inweeg)	**Vrydag 15/03** **Dag 4** • Toutrek SA's: Kimberley	**Saterdag 16/03** • Toutrek SA's Kimberley	**Sondag 17/03**
Maandag 18/03 **Dag 5**	**Dinsdag 19/03** **Dag 6** **HSH-FUNKSIE**	**Woensdag 20/03** **Dag 7** **SKOOL SLUIT**	**Donderdag 21/03** **MENSE-REGTE-DAG** **VAKANSIE**	**Vrydag 22/03** • SA-laerskool Atletiek (Limpopo) **VAKANSIE**	**Saterdag 23/03**	**Sondag 24/03**

UIT DIE KANTOOR

Liewe Ouer/Voog

Dit is lekker om na 'n geseënde paar weke by Hattieland weer met u te kan gesels. 'n Spesiale dank aan elke ouer en leerder wat bygedra het tot die suksevolle afhandeling van die Wes-kaap toutrek kampionskappe die afgelope naweek. Baie dankie dat Hoërskool Heidelberg die skool van eerste keuse vir u kind se opvoeding is. Dit is elke dag vir elkeen van ons hier by HSH 'n voorreg om aan die leiers van môre te bou. Mag die res van 2024 vir u en u kind vol geleenthede en uitdagings wees wat van "Alleen Ons Beste" kan getuig.

Na aanlyding van 'n toename in gedragsprobleme in alle grade by die skool die afgelope tyd wil ek graag die onderstaande herhaal: Ek is oortuig van die feit dat 'n betrokke leerder 'n gelukkige leerder is. Ek is verder oortuig dat - vir 'n leerder om gelukkig te wees - sy ouers net so betrokke by skoolaktiwiteite moet wees. Om 'n skool van uitnemendheid te wees, moet drie vereistes nagekom word:

- onderrig en opvoeding wat getuig van uitnemendheid moet plaasvind
- alle leerders moet betrokke wees by alle skoolaktiwiteite
- alle ouers moet betrokke wees by alle skoolaktiwiteite.

Elkeen van ons leerkragte, leerders, ouers, gemeenskap en oud-leerders vorm deel van 'n legkaart wat uiteindelik 'n prent van uit-nemendheid moet voorstel. Indien een van daardie legkaartstukke ontbreek, kan die prent nie voltooi word nie. U as ouer het dus 'n verantwoordelikheid om toe te sien dat:

- u kind 'n ware Hattie is
- akademie as sy of haar prioriteit beskou word
- u kind betrokke is by kultuur- en sportaktiwiteite
- **u kind die skoolreëls - soos vervat in die gedragskode - sal nakom.**

Dit is die doel van HSH om jong volwassenes voor te berei vir die wêreld daar buite. Dit is egter nie die taak van die skool alleen om u kind op te voed nie - elkeen van u is 'n vennoot in u kind se opvoedings-proses. Ons maak staat op u om toe te sien dat u trots (u kind) ook HSH se trots is. Ondersteun asseblief die skool in die toepassing van dissipline. Maak seker dat dit nie vir 'n onderwyser nodig is om u kind tereg te wys m.b.t. voorkoms en goeie maniere nie. Maak seker dat u kind oor die nodige waardesisteem beskik om 'n ware Hattie te wees! Leer asseblief u kind tuis die waardes van: verantwoordelikheid, integriteit en respek.

By voorbaat baie dankie dat ons op u samewerking en positiewe gesindheid kan reken.

Groete

J.J. Nell
Skoolhoof

HOËRSKOOL HEIDELBERG

X-INGELIG

Uitgawe: 3 www.hsheidelberg.co.za 8 Maart 2024

BEHEERLIGGAAM VERKIESING

Alle ouers & belanghebbendes word dringend herinner dat die derde benoemings-vergadering om **17:00** op, **11 Maart 2024**, in die skoolsaal gaan plaasvind. Tydens die tweede nominasievergadering is vasgestel dat 5 lede verkies-baar is. Die skool se beheer-liggaam moet uit 7 ouers bestaan. Dus is dit belangrik dat daar nog 2 kandidate benoem word. Ouers moet verseker dat die nominasie-vorms korrek voltooi word en in die nominasieboks, in die voorportaal, voor 17:00 op 11 Maart 2024 geplaas word.

KENNISGEWING

In die laaste nuubrief wat op **20 Maart** uitgaan sal u baie inligting ontvang rakende kwartaal 2 naamlik:

- Oorskakeling van somersdrag na wintersdrag
- Skoolkalender kwartaal 2
- Intersenfase pos vulling
- SBL- verkiesing uitslag
- Middagrooster vir Winterkwartaal

GEBEDSKETTING

Filippense praat baie oor vreugde, alhoewel Paulus die brief in die tronk geskryf het. Filippense 4:4-8 gee riglyne vir die belewing van vreugde in die Christelike lewe: “Wees altyd bly in die Here!

SKAAK

Baie geluk aan die volgende leerders wat deel is van die Hessequa Skole skaakspan.

O/7 -
Johannes Saayman
Illias Visagie

O/ 11 -
Xaydia Meyer
Nora Rall
Ciara Riddles
Nina Saayman
Lisa van Zyl
Xaydin Meyer
Elzevir Moolman
Ainsley Windvogel

O/13 -
Chandre Pietersen
Iwan Roberts
Caleb Bam

O/15 -
Lisakhanya Fumanisi

CANSA

Kom en wees 13 Maart kleurvol! Ons het ons die geleentheid om CANSA se “Shavation” projek te ondersteun. Leerders betaal R10 om hare te laat spuit/skeer en R5 vir sivvies.

LIP-LEK-LEKKER!

Kom geniet ‘n genotvolle aand van samesyn! Dit is weer tyd vir ons potjiekoskompetisie 13 Maart. Koop kaartjies by verkeie potmakers. Slegs R 75.